**2 April**
**Skrifgedeelte: Titus 2:1–15**
**Fokusgedeelte: Titus 2:11–14**

**‘n Andersoortige manier van doen**

Iemand se manier van doen het met sy leefwyse te doen. Mense se leefwyse verskil van mekaar. Gelowiges se leefwyse behoort egter nie in die volgende opsig van mekaar te verskil nie: gelowiges leef andersoortig in die teenswoordige wêreld. Gelowiges se manier van doen, is ‘n nuwe manier van doen.

Ten grondslag aan gelowiges se nuwe manier van doen (vers 1-10), ‘n lewensvernuwing wat God deur sy reddende genade bewerk het. Dié reddende genade van God het in die koms van Christus na die wêreld verskyn (vgl Luk 1:79). God het deur sy genade in Christus vernuwing bewerk. Die volle geluksaligheid van die nuwe lewe sal met die wederkoms van Christus ons erfenis word; daarom sien ons uit na dié dag wanneer Christus in heerlikheid verskyn. Ons leef in die tyd tussen twee verskynings: die verskyning van God se reddende genade in Christus en die verskyning van Christus in heerlikheid. In hierdie “tussen-tyd” leef die gelowige andersoortig. Die reddende genade van God voed die gelowige in ‘n nuwe manier van doen op.

Die reddende genade van God voed ons op 'n leefwyse wat neerkom op ‘n afsien van ‘n wêreldse leefwyse. Hierdie nuwe leefwyse verskil van ‘n wêreldse manier van doen: deurdat jy op die volgende manier leef: met selfbeheersing (ingetoë) in verhouding tot jouself; opreg (regverdig) in verhouding tot jou naaste en vroom (godvrugtig) in verhouding tot God. Die reddende genade van God voed my op om, deur ‘n nuwe manier van doen in die teenswoordige wêreld, getuienis te lewer van God se lewensvernuwing in Christus.

*Sing: Psalm 25:2 Ds EJ Tiemensma (Kemptonpark)*